Lewenswetenskappe is die wetenskaplike studie van lewende dinge vanaf molekulêre vlak tot en met interaksie met mekaar en hul omgewing.

Deur Lewenswetenskappe sal leerders die volgende ontwikkel:

- Kennis van belangrike biologiese begrippe en prosesse
- Groter bewustheid van biotegnologie
- Begrip van maniere waarop die mens ‘n negatiewe uitwerking op die omgewing het
- Waardering vir unieke diversiteit in Suid-Afrika

Moontlike beroepsrigtings waarby leerders kan baatvind met Lewenswetenskap:
Mediese rigtings bv. dokter, veearts, fisioterapeut
Navorsingstudie bv. genetika, forensiese navorser
Ekologie bv. natuurbewaarder
Landbou bv. vee, graan, wingerd